Bybel vir Kinders

bied aan

Jesus Kies Twaalf Helpers



Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Byron Unger; Lazarus

Aangepas deur: E. Frischbutter; Sarah S.

Vertaal deur: Yvette Brits

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2013 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Jesus het wonderlike dinge gedoen. Hy het siektes genees, gekwelde mense vrede gegee in hulle harte en verstand, en God se Woord aan mense geleer.

Skares het na Jesus gekom vir help en genesing.
Hy het besluit om twaalf mans van Sy baie volgelinge te kies, om Hom te help in Sy werk vir God.

As jy belangrike besluit moet neem, bid jy daaroor by God? Jesus het! Op 'n stil plek op 'n berg het Hy met Sy Hemelse Vader gepraat. Jesus het gebid tot die son onder gegaan het.

Jeus het deur
die lang donker
nag gebid.

In die oggend het Jesus al Sy volgelinge geroep – al die vriende wat Hom gedien en gehoorsaam het. Van hulle het Hy twaalf gekies om spesials helpers of apostels te wees.

Die eerste twee wat Jesus gekies het was broers, Simon Petrus en Andreas. Hulle het hulle visvang besigheid gelos toe Jesus hulle geroep het om Hom te volg.



Jakobus en Johannes, seuns van Sebedeus het ook hulle visser nette gelos.



Jesus het ook die volgendes gekies, Fillippus, Bartlomeus, Matteus, Tomas, Jakobus seun val Alfeus, Taddeus, Simon die Kananeër, en Judas Iskariot wat vir Jesus verraai het.



Jesus het hulle geleer dat om te doen soos Hy sê, is soos om 'n huis op 'n stewige fondasie te bou. Woeste storms sal nie die huis kan verwoes nie.

Maar om nie Jesus se word te gehoorsaam nie, is soos om 'n huis op 'n sand fondasie te bou. Wanneer 'n storm kom sal die huis omval.



Party van Jesus se opdragte was nie maklik nie. "As iemand jou op die regter wang klap, gee jou linker wang ook," het Hy geleer. "Wees lief vir jou vyand." Mense het God se hulp nodig om soos Jesus te leef.

Jesus het ook vir die mense gesê om in die geheim te bid – hulle moes nie hulle gebede ten toon stel voor mense soos party godsdienstige leiers dit doen nie.

Jesus het gesê dat God die mense wat in Hom glo sou voed en klee. Hy gee kos vir die voëls en pragtige kleure vir die blomme en plante, Sy mense kan Hom vertrou vir al hulle behoeftes.

Jesus het Sy nuut verkose helpers baie dinge geleer daardie dag. Toe Hy klaar was, het 'n melaatse na Hom gekom en Hom gesmeek om hom gesond te maak.

Jesus antwoord die melaatse, "Ek wil. Wees skoon." Terwyl sy helpers toekyk het die melaatse gesond geword. Hy was genees. Net God se Seun kon dit doen. Die helpers het geweet hulle het 'n wonderlik Meester.

Jesus Kies Twaalf Helpers

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Matteus 4-7, Markus 1, Lukas 6

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16